### *Die rede vir die menswording van JaHWeH*

**238** Toe Mathael die antwoord in sy hart ontvang en vir die drie uitgespeek het, was hy self verbaas dat hy die waarheid hoor praat het deur die innerlike stem wat hy vroeër nog nooit so duidelik ontvang het nie.

[2] Maar **Rafael** sê vir Mathael: "Sien jy nou hoe wakker die Meester is, ook al slaap Hy nou liggaamlik, en hoe jy nou die stem van die Meester helder en duidelik in jou hart gehoor het en die ook nog met jou mond hardop uitgespreek het?! Kyk, op dieselfde wyse verneem ons ook die Meester se woord en wil lewendig en daadkragtig in ons en wel ook so, dat ons dan één word met Sy woord en wil! As ons dit egter is, dan word ons ook daardeur as Sy woord en Sy Wil `n volbringde daad self, dus woord, wil en daad in een vorm! - Vriend Mathael, verstaan jy dit nou heeltemal suiwer en helder?"

[3] **Mathael** sê: "Net sodra jy self so `n rustige oortuiging voel dat jy nou alles verstaan wat jy maar kan sien, kom daar skielik weer iets waaroor jy nog nooit gedroom het nie! Uit alles sien ek dat daar so `n onmeetlike volheid en diepte lê in die goddelike Wysheid, dat `n gees dit nooit volledig sal kan verstaan nie! Ons sal daarom vir ewig altyd `n oorvloed van nuwe dinge moet leer en verstaan! Maar dit is ook baie goed so!

[4] Ek sou dit gladnie aangenaam gevind het as alles my nou net so duidelik sou wees soos vir die Meester Self nie. As daar in die hele oneindigheid niks meer sou wees wat ek nie sou ken nie, sou ek gou genoeg van die lewe gehad het. Maar nou is daar so oneindig baie diepsinnige en baie versluierde dinge, dat ons daarmee in ewigheid nie sal klaarkry nie. Ek moet nou openlik toegee dat Elohim se saligheid daarnaas en daarby seker nie benydenswaardig sou wees as ons as Sy skepsele en kinders alles so duidelik sou kon insien soos Hyself nie, en Sy ewige en oneindige volmaakte Wysheid sou Haar ontsettend verveel het as Hy Haar maar net vir homself kon gebruik nie!

[5] Maar daarom vul Hy die oneindige ruimte met tallose werke, wat Sy eindelose Wysheid en Mag weergee, en Hy skep denkende en ook met baie wysheid begaafde wesens. Hierdie wesens, wat altyd in `n hoë mate onder die indruk is van die diepe Wysheid en Mag van Elohim, ondersoek en bewonder sonder ophou die goddelike wysheidsdiepte en mag van die Een Skepper en kom by elke nuwe ontdekking weer heeltemal in die baan van die bewondering en aanbidding en intense liefde!

[6] Wel dit alleen moet vir Elohim die ware saligheid wees! Vir hom as Skepper en Vader van engele, wêrelde, mense en kinders moet dit die grootste geluksaligheid wees om almal wat Hom en Sy woorde altyd beter wil leer ken en liefhet, ook altyd saliger te maak!

[7] Om ons mense van hierdie aarde, julle engele van alle hemele, en alle skepsele van die hele oneindigheid `n des te groter saligheid te berei, kom Hy Self as Mens na ons toe op hierdie aarde om Hom letterlik Self as Mens van vlees en bloed aan die ander mense te openbaar. Vriend, skepsel of engel van ewigheid, of mens soos wat ek is, dit doen die Meester nie alleen terwille van ons nie, maar dit doen Hy ook terwille van Homself. Want Hy sou in die loop van die tye van verveling vergaan het as Hy met Sy alwetendheid Self baie duidelik gewaar moes word dat Hy as in die hoogste graad as vormlose, ewige, ofskoon volmaakte intelligensie, nooit deur Sy skepsele gesien en nog minder aangespreek sou kan word nie en daardeur ook onherkenbaar moes bly!

[8] Sou dit dan nie baie treurig vir `n aardse vader gewees het as hy byvoorbeeld twintig liewe kinders gehad het wat almal blind en doof was, sodat die liefdevolle vader dus nooit `n woord met hulle kon praat en hom ook nooit as mens deur hulle kon laat sien nie?! Stel jou so `n situasie eers lewendig voor: `n Buitengewoon welgestelde vader met twintig uiterlik wondermooi gevormde kinders van albei geslagte, maar almal doof en blind! Die vraag is dan: Sou so `n vader nie al sy geld daarvoor gebruik het om sy liewe kinders horende en siende te maak nie?! Maar wat `n verdriet sou hy hê as daar in die hele wêreld geen middel sou wees om sy kinders te kan laat hoor en sien nie?!

[9] Wel, ons mense kan mekaar weliswaar hoor en sien en belewe en aan mekaar baie plesier hê - wel selfs meer as noodsaaklik - sodat ons daardeur selfs die Skepper kan vergeet. Maar die heilige goeie Skepper, die alwyse Vader, moes die salige genoeë om deur Sy kinders herken, gehoor en gesien te word, vir altyd geheel en al mis! Dit sou by `n ewige Vader, vol van die grootste en suiwerste liefde vir Sy kinders, tog nie kan wees nie!

[10] In Hom leef sekerlik meer verlange om ons, Sy kinders, deur Sy uitverkiesing op die peil te bring dat ons volgens Sy orde in staat kan wees om Hom te sien, persoonlik lief te hê en vertroue te skenk, sonder dat dit ons bestaan sou skaad, - as om ons as kinders te sien wat nog geen begrip van die eintlike wese van die ewige Vader het nie.

[11] Ek dink daarom dat my veronderstelling nie te veel uit die lug gegryp is nie as ek sê: Die Meester het nie net vir ons nie, maar ook vir homself, vlees en bloed aangeneem en Hom so op die aarde na ons, Sy natuurlik nog erg onbeskaafde kinders, begewe! Hy het dit, wat Hy wou doen, al eeue tevore gesien en ons is nou getuies van die uitvoering van die ewige, groot plan! - Rafael, sê jy of ek nou goed of verkeerd geoordeel het!"

### *Die gedagte dat Elohim Homself verveel*

**239** **Rafael** sê: "Vriend, nie jy het nou so geoordeel nie, maar die Meester Self het jou die mening in jou hart gegee en daarom moet dit goed wees!"

[2] Ook **Murel** sê: "Nee, wat jy alles hier hoor, is tog wel baie vreemd vir hierdie wêreld! En tog kan geen

suiwer menseverstand iets daarteen inbring nie! Ons verveling, as ons skielik so wys en alwetend soos Elohim sou wees en ook Elohim se verveling in die goed voorgestelde situasie dat Sy skepsels, kinders en selfs engele Hom nooit sou kon waarneem, voel, hoor en sien nie, - nee, dit is werklik twee beskouings en oordele waarvoor die dieper nadenkende mens noodgedwonge alle respek moet kry! Daaroor het nog niemand uit die tempel ooit gedroom nie en tog is dit waar! Ek kan nou dink en gevolgtrekkings maak wat ek wil en geen verweer vind nie, hoewel die uitdrukking 'Elohim se verveling' ietwat vreemd klink! Maar van welke kant ek die uitdrukking nou ook beskou, dit bly waar en volkome korrek! Nou dring daar nog `n baie passende voorbeeld ter verdere verklaring van hierdie heeltemal nuwe waarheid aan my op en dit kan ek tog nie van julle weerhou nie!"

[3] **Mathael** sê: "Broeder, vertel dit dadelik! Want uit `n verrykte gemoed met soveel ervaring kan maar alleen iets waar, goeds en vir hierdie saak baie bruikbaar te wagte wees!"

[4] Daarop sê **Murel**: "Dit is nie die ware rede nie, maar dit is omdat julle dan kan sien hoe ek dit nou alles verstaan het! Ek stel my `n mens voor wat alle wysheid besit en hom heeltemal alleen op hierdie aarde bevind. Hy sou graag die ander mense, as hulle daar was, sy volle vertroue wou skenk. Hy soek die aarde tot in al haar hoeke noukeurig deur en vind geen lewende en denkende wese nie. Sy groot wysheid word hom tot `n las, want wat hy ookal maak en doen, dit word deur niemand gesien en verstaan nie. Hoe sou dit so `n mens met die verloop van tyd beïnvloed! Sou hy nie in vertwyfeling verval nie? Sou die verskriklikste verveling hom nie heeltemal verteer nie?

[5] Hoe onbeskryflik aangenaam sou hy dit nie vind as hy eindelik êrens `n onbeduidende maagd of ook maar `n ruwe kneg sou vind! Met watter onbeskryflike liefde sou hy hom nie oor die vonds ontferm nie!

[6] O, daaraan is duidelik te sien wat die een mens vir die ander beteken en wat `n saligheid dit is om aan `n naaste goed te doen!

[7] Wat `n verskriklike lot sou dit nie gewees het om as mens op die hele aarde geen tweede mens te kon vind om hom `n weldaad te bewys nie!? Alleen al daarom is die liefde `n suiwer hemelse lewenselement, omdat die onmoontlikheid om haar deur dade aan ander mee te deel, `n mens baie ongelukkig sou maak!

[8] Wat sou `n sanger aan die ontroerende klank van sy stem gehad het, wat net so klink soos `n goed gestemde harp, as hy vir ewig alleen daarna sou moes luister?! As `n voëltjie eensaam in die bos van boom tot boom spring en met sekere klaende, vraende geluide sy soortgenootjies soek en nie vind nie, word hy angstig, hy verstom weldra, word treurig en verlaat gou die leë bos.

[9] Reeds met die besit van soveel liefde is dit duidelik dat hy sigbaar sal verlang na sy soortgenote, hoeveel te meer dan `n begaafde mens met `n diep gevoel, gees en rede! Wat baat dit hom om alle groot kundighede en talente te hê as hy niemand daarmee, behalwe homself kan help nie?!

[10] En aan die hand van hierdie waarneming kan ek dan ook gevolglik aanneem - dit wil sê volgens ons menslike begrippe - dat dit vir JaHWeH Elohim uiteindelik tog baie saai moes geword het, hoewel Hy tog die hele oneindigheid vol onoortrefbare, wonderlike wêrelde om Hom heen gehad het, maar waarop geen lewende wese sou bestaan sodat hulle, wat Hy uit Sy liefde geskape het, Hom sou ken en liefhê, en dat Hy baie genoeë sou belewe aan die tallose wonderwerke van Sy Wysheid, Mag en Krag nie. Maar om Hom te kan ken en lief te hê, moet die Skepper die skepsel - en die Vader die kind - só tegemoetkom en Hom só aan hom openbaar dat dit vir die skepsel en veral vir die kind moontlik kan wees om die Skepper, die Vader, as sodanig te ken.

[11] As aan hierdie voorwaarde nie voldoen word nie, het Elohim tevergeefs engele en mense en ook alles wat bestaan, geskape. Hy sou dan sonder meer vir ewig alleen gebly het en Sy skepsele, hoe mooi ookal, sou net soveel van Hom af geweet het as wat die gras weet van die maaier wat dit afmaai en tot hooi laat opdroog.

[12] Elohim het Homself egter altyd op die mees aangewese wyse baie duidelik geopenbaar aan Sy wesens wat ware lewensvryheid gesoek het, wat met alle rede en verstand begaafd was en Hy het hulle voorberei op hierdie eerste koms van Hom. Met hierdie koms is ook al die beloftes egter nou vervul. Die skepsele sien Hom soos wat HY IS in vlees en bloed, Hy beweeg heeltemal as Mens onder hulle rond en leer hulle soos `n ewige Vader om hulle groot en ewige bestemming te ken.

[13] So is alles dus nou soos dit is, en dit hang nou net van ons mense af om die aanbevole lewensmiddele baie nougeset te gebruik, en dan is die groot, dubbele doel bereik, naamlik: Die kind het sy ewige, heilige Vader herken, hy sien Hom met liefdevolle oë aan en verheug hom buitengewoon oor Hom, en die Vader verheug Hom ook buitengewoon daaroor dat Hy nou nie meer alleen is nie, maar in die stralende midde van Sy kinders, wat Hom ken, loof, en bo alles liefhet en altyd opnuut Sy wonderbare werke met verbasing aanskou, dit baie bewonder en Sy oneindige Mag en Wysheid prys! En sowel vir die Skepper as vir die skepsel moet dit `n oorvloeiende bron van saligheid wees! - Het ek nou sleg of goed geoordeel?"